

REEKS: 7C's...

KLEINGROEP ONTMOETING 4

#4C = Caring



A: KOFFIE

Elkeen kry 'n koppie koffie in die hand – deel met mekaar hoe julle dag/week was.

B: GEBED

Iemand wat bereid is, kan met 'n kort gebed open.



C: VIDEO-GREEP

Kyk saam na die volgende 5 min video oor barmhartige Samaritaan:

<https://www.youtube.com/watch?v=53Pqw20xK10>

D: WANDEL IN DIE WOORD

Teks gedeelte: Lukas 10:25-37

³³Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry. ³⁴Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind. Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na 'n herberg toe geneem en hom daar verder versorg. ³⁵Die volgende dag haal hy twee muntstukke uit en gee dit aan die eenaar van die herberg en sê: 'Sorg vir hom, en as jy meer onkoste met hom het, sal ek jou betaal wanneer ek hierlangs terugkom.' ³⁶“Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?” ³⁷Die wetgeleerde antwoord: “Die man wat aan hom medelye bewys het.” Toe sê Jesus vir hom: “Gaan maak jy ook so.”

Nog teksgedeeltes:

1 Joh 3:11; 1 Joh 4:7 & 10-11; Gal 6:9-10; Fil 2:4; 2 Tes 1:11; Luk 6:27-28



E: GESELS SAAM

Maak beurte in die groep om oor 1 of meer van die volgende te gesels:

1. Wat beteken **omgee** vir ander? Wie is jou naaste?
2. Is dit maklik om goed te wees vir iemand wat jou al benadeel het?
3. Wie moes die beseerde man gehelp het? Hoekom wil hulle nie betrokke raak nie?
4. Hoekom is die omgee van die barmhartige Samaritaan so merkwaardig?
5. Wie se naaste is jy? Is daar iemand naby aan jou wat uitgesluit word?

F: UITDAGING VIR DIE WEEK

Groep besluit self op 'n aktiwiteit om hierdie week se boodskap prakties uit te leef. Dink oor wie se naaste is jy?

Voorbeelde: Maak 'n lys van hoe jy prakties vir ander kan **Liefhê / Goed doen aan hulle / Seën / Bid vir hulle**. Die Samaritaan het prakties omgee gewys (wonde versorg).

Luister na die volgende lied **Gekruisigde Hande van Louis Britz**. Maak dit jou temalied vir die week: https://www.youtube.com/watch?v=zG_xs74bNqQ

G: GEBED & SAAMKUIER

Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed. Kuier nog bietjie saam 😊



REEKS: 7C's...

KLEINGROEP ONTMOETING 4

#4C = Caring GESPREKSRIGLYNE

(Ds Cor Swart)



ONTHOU...

Die volgende riglyne kan help om moeilike vrae in die gesprek te hanteer asook om saam te groei in ons geloof en verstaan van God:

Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan begin met die vraag van die wetgeleerde aan Jesus: *Wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?* Die antwoord is eenvoudig – **liefde vir God en liefde vir ons naaste**. In 1 Joh 4:7 & 10-11 lees ons dat ons liefde aan God en ander, se oorsprong by God self is. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het! Hy is die oorsprong (bron) van ons liefde vir Hom en vir mekaar (ons naaste). Die wetgeleerde se opvolg vraag aan Jesus is: *Wie is my naaste?* Ons kan die vraag dalk anders vra: *Vir wie moet ons liefhê?* Of selfs: *Vir wie moet ons omgee?* Ons antwoord maklik – die wat die naaste aan ons is en soos ons is. In Engels sê ons *I like you*, wat kom van *I am like you*. Ons gesin, ons familie, ons vriende, ons medegelowiges in die kerk is soos ons. Dit is maklik om hulle lief te hê. Maar wat van die wat nie soos ons is of soos ons dink nie? Moet ons vir hulle ook omgee? Wat van ongelowiges, ons vyande, die wat ons seer maak, die wat ons land verwoes, ander kulture en mense wat ander tale praat? In Lukas 6:27-28 leer Jesus ons: *“Maar vir julle wat na My luister, sê Ek: Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word.”* **Prakties beteken OMGEE dat jy jou naaste sal liefhê, goed doen aan hulle, hulle sal seën, vir hulle sal bid.** In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan leer Jesus ons dat as dit by omgee kom, moet ons eerder vra: **Vir wie is ek 'n naaste?** as *Wie is my naaste?*

Die Afrikaanse vertaling vir **CARING** is **OMGEE!**

'n Mens verwag van die priester en die Leviet om vanweë hulle godsdienstige ampte die beseerde man te help. Hy is ook soos hulle 'n Jood wat a.g.v. geen fout van sy eie nie in die moeilikheid beland het. En tog kies hulle om nie om te gee nie! Hulle sien die hulpelose man, maar gaan ver langs verby (verse 31-32). Die een wat omgee (hom innig jammer kry, hom versorg en betaal vir sy verdere versorging) en prakties doen wat Jesus van ons vra volgens Lukas 6 (liefhê en goed doen), is 'n Samaritaan.

Jode het die Samaritane verag en dit was onaanvaarbaar dat 'n Samaritaan aan 'n Jood raak. Dit is ondenkbaar dat die vyand vir hulle omgee. En tog is dit wat die evangelie van ons vra. Om vyande lief te hê en dit prakties te bewys! Dit is werklike naasteliefde – omgee wat insluit en nie uitsluit nie. God werk wanneer ons dinge doen (omgee vir ander) wat nie normaalweg deel van ons menslike natuur is nie.

**As dit by CARING/OMGEE kom, vra eerder:
Vir wie is ek 'n naaste?
Hoe kan ek INsluit, eerder as UITsluit?**

